Vrolike Vrydag Nuus
Fakulteit Opvoedkunde
9 Junie 2023

# Die Noordwes-Universiteit groet prof Kobus Mentz

Dit is die einde van 'n era by die Noordwes-Universiteit (NWU) vir prof Kobus Mentz. Prof Mentz het sy loopbaan as Wiskunde-onderwyser begin, en in 1985 'n dosent en navorser by die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), tans die Noordwes-Universiteit, geword.

Die Skool vir Professionele Studies in Onderwys (SPSO) het op al drie kampusse vir hom afskeidsfunksies gehou. As die gentleman wat hy is, het prof Mentz die geleentheid aangegryp om vir oulaas al drie die kampusse te besoek om die individuele personeellede van die kampus te groet en kwaliteittyd saam met hulle deur te bring.

Tydens die laaste afskeidsgeleentheid op die Potchefstroomkampus het prof Lloyd Conley vir prof Mentz bedank vir sy uitmuntende leierseienskappe en bydraes tot die NWU, en veral die Fakulteit Opvoedkunde, waar hy die posisie as skooldirekteur van die SPSO beklee het.



Dit is nie net vir prof Mentz die einde van 'n era aan die NWU nie, maar ook die aanbreek van 'n nuwe era vir hom. Hy as rektor by die Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (Aros) aangestel, en sal daar die leisels oorneem.

Ons by die NWU wil graag vir prof Mentz alles van die beste vir sy nuwe pos toewens en ons weet dat hy die instelling ook na die beste van sy vermoë sal lei.














# Letterkundedag, 19 April 2023

Letterkundedag, wat deur die Engels vir Onderwys-vakgroep en die studentegroep vir literêre kunste, bekend as die Jagger Bee-vereniging, geborg is, het alle verwagtings van sy 2023-tema, "Literature Alive!", oortref. .

Lede van die fakulteit en ander personeel het by hierdie jaarlikse viering op die Potchefstroomkampus hulle gewone roetine onderbreek om die belangrikheid van boeke en lees in hulle lewens te vier. Dalk het jy op 19 April die Letterkundedag-program gesien op die plakkaat wat deur studente ontwerp is en by die gekurateerde boekuitstalling by die hoofbiblioteek te sien was? Die meeste van die dag se letterkunde-geïnspireerde aktiwiteite het plaasgevind in C6, die Opvoedkundegebou, wat die uitstalplek geword het vir impromptu fotosessies van letterkundige karakters met uitrustings wat sê "Kan jy raai wie ek is?".

Dink maar aan Dorothy en Toto van The Wizard of Oz; Alice wat uit Wonderland daar ingeval het; Coraline van Neil Gaiman se gelyknamige roman; Dr Strauss van Flowers for Algernon; Hazel Grace van The Fault in Our Stars; asook Sherlock Holmes, al vier dames van Little Women, en selfs Hannibal Lecter.

Ander aktiwiteite waaraan 'n mens kon deelneem, het 'n vier uur lange leesmaraton ingesluit, waartydens studente en fakulteitslede hardop uit Lois Lowry se The Giver voorgelees het; 'n gesamentlike skryfonderneming in die C6-saal waar studente sinne bygedra het wat geskep is vanaf leidrade om stories in die kategorieë van avontuur, Suid-Afrika; wetenskapfiksie/fantasie, humor en misterie; optredes (kort monoloë en groepdramas) met 'n letterkundige tema te skep; en 'n letterkundige skattejag waartydens studente aanhalings op die mure van die gebou by hulle skrywers en karakters gepas het.


Die 2023-weergawe van Letterkundedag het die feestelikhede se reikwydte uitgebrei met twee "stories en snare", 'n samesmelting van mondelinge letterkunde en die taal van musiek. 'n Middaguur-leessessie op die kolonnade van C6 het 'n gedigvoorlesing met kitaarbegeleiding ingesluit. Laatmiddag het 'n studente-storieverteller 'n inheemse storie met 'n Engelse vertaling in die voorportaal van C6 aangebied terwyl musiekstudente op die viool en die uhadi – 'n Afrika-snaarinstrument – gespeel het. Laastens het die hele NWU-gemeenskap regdeur die dag die pret meegemaak terwyl hulle geluister het hoe administrateurs, dosente en studente letterkundige uittreksels op 93.6 fm, die kampusradiostasie, voorlees. Die kampus het beslis in April hierdie jaar letterkundige opwinding ervaar!







# Super-onderwysers word deur WIL-ekskursies gevorm




Tussen 2 en 24 Mei 2023 het die eerstejaar-Baccalaureus Educationis-studente (BEd-studente) by die Noordwes-Universiteit verskeie suksesvolle virtuele ekskursies of ekskursies van aangesig tot aangesig bygewoon.
Die ekskursies is spesiaal ontwerp om 'n gevoel van samehorigheid by hierdie studente te ontwikkel en hulle vir die kompleksiteit van die onderwysberoep sensitief te maak. Twee stelle ekskursies is gehou: ses ekskursies van aangesig tot aangesig vir kontakstudente en vyf gelyktydige virtuele (aanlyn) ekskursies vir die afstandstudente. Groepe van gemiddeld 450 studente van die Mahikeng-, Vanderbijlpark- en Potchefstroomkampus het die ekskursies in stelle van drie dae elk van aangesig tot aangesig bygewoon. Die virtuele ekskursies het gemiddeld groepe van 100 afstand-studente vanuit verskillende plekke in stelle van twee dae elk behels. Daar is van die studente verwag om deur besprekings en praktiese aktiwiteite, wat aspekte ingesluit het van kulturele insluiting en maatskaplike geregtigheid, die rol van die onderwyser as veranderingsagent, interaktiewe pedagogieë wat leer in die klaskamer die beste fasiliteer, en aspekte van entrepreneursleer, na te dink oor wat dit beteken om 'n SUPER-onderwyser te word.

Die studente wat die ekskursie van aangesig tot aangesig bygewoon het, het 'n unieke en intensiewe ervaring gehad. Hulle het die geleentheid gehad om aan verskillende aktiwiteite deel te neem, uit die praktyk te leer, die kampvuur mee te maak, die reënboognasie deur 'n kulturele konsert te vier, tromme te speel en te stap. Hulle kon die uitstallings of omgewing waarneem, aanraak, en daarmee omgaan, wat 'n multisensoriese ervaring verskaf het. Die studente kon by direkte gesprekke met fasiliteerders, toergidse en hulle portuurgroep betrokke raak en sosiale interaksie en samewerking skep.

Aan die ander kant het die studente wat die virtuele ekskursie bygewoon het 'n ander maar ewe verrykende ervaring gehad. Ten spyte daarvan dat hulle nie fisies teenwoordig kon wees nie, kon hulle virtueel deur die Zoom- aanlyn platform deelneem. Die studente kon deur multimedia-aanbiedings van 'n hoë gehalte, video's en lewendige stroming steeds waarneem, in klein groepe werk en by kritiese besprekings betrokke wees. Hulle het die voordeel gehad dat hulle 'n wye reeks hulpbronne kon benut, wat virtuele realiteitsimulasies en interaktiewe instrumente ingesluit het, en wat hulle begrip en betrokkenheid bevorder het.
Die virtuele ekskursie het ook buigsaamheid ten opsigte van tyd en ligging verskaf, wat die studente toegelaat het om vanuit hulle huise of klaskamers deel te neem. Hoewel hulle die fisiese teenwoordigheid en direkte interaksie misgeloop het, het die virtuele ekskursie gerief en toeganklikheid gebied, en die geleentheid om bestemmings te ondersoek wat andersins dalk ontoeganklik kon wees.



# Opedag: Vanderbijlparkkampus

Die Vanderbijlparkkampus het op 13 Mei 2023 hulle Opedag afgeskop met ’n onvergeetlike uitstalling van wat die fakulteit het om te bied. Dr Elize Kung, waarnemende adjunkdirekteur van die Skool vir Taalonderwys, en mev Janet Kruger het ’n skyfievertoning oor die TPT-tellings oor die voorvereistes vir BEd-studies in die saal van die Samanco-gebou gehou. Dosente en administrateurs was buite die saal om enige vrae te hanteer wat studente gehad het en voornemende studente het pamflette ontvang oor die verskillende kwalifikasies wat ons fakulteit aanbied.

Die dag was ’n groot sukses. Baie dankie aan die personeellede wat die voornemende studente gehelp het om hulle toekomstige pad na sukses te ontdek.









# Opedag: Mahikengkampus

Die Mahikengkampus het op Saterdag 20 Mei sy 2023 Opedag gehou. Die gebeurtenis was 'n baie groot sukses. Ons uitvoerende dekaan, prof Conley, adjunkdekaan vir Navorsing en Innovasie, prof Dudu, ons adjunkdirekteur by die Skool vir Taalonderwys, prof Hove, en 'n span van die akademiese sowel as die administratiewe personeel het ons met hulle teenwoordigheid vereer en het saam met ons studenteleierskap bygedra om hierdie dag baie geslaagd te maak. Voornemende studente het die geleentheid gehad om die fakulteit te besoek, waar aanbiedings gedoen is oor die programme in die fakulteit wat vir hulle beskikbaar is. Die fakulteit het 'n stalletjie opgerig wat kleurvol, prettig en interaktief was, met 'n verskeidenheid speletjies wat gespeel, en 'n paar pryse wat gewen kon word. Die lewendige, gretige gesigte van ons voornemende studente het al die harde werk wat vir die 2023 Opedag gedoen is, die moeite werd gemaak.



# Opedag: Potchefstroomkampus




Ope dae is altyd opwindend! Ons ontmoet nuwe voornemende studente; ons deel ons ervaring in die Fakulteit Opvoedkunde, en verskaf advies ten opsigte van loopbaankeuses.
Die Afrikatale-vakgroep het hierdie jaar hulle tafel pragtig met Afrika-kunswerk versier, die Tegnologie-groep het hulle produkte uitgestal, en ons het ook die Afrikaans-groep daar gehad wat ons kampus met LEGO opgehelder het. Ons voornemende studente het pret gehad deur speletjies te speel en wonderlike dinge te bou.

Groot getalle leerders het ons SAC-stalletjie – wat pragtig versier was – volgepak om inligting te vra, speletjies te speel en interessante goed te wen. Ten spyte daarvan dat die Opvoedkunde-kampus ver van die hoofkampus af geleë is, het talle leerders die inligtingsessies bygewoon en was gretig om meer oor ons programme uit te vind. Ons het baie toekomstige superonderwysers ontmoet en ons kan nie wag om hulle volgende jaar by ons fakulteit te verwelkom nie.



# Kiddi Beat-werkswinkel




Die Kiddi Beat- praktiese werkswinkel, wat op musiekopvoeding vir kinders van 3 tot 6 jaar fokus, is deur me Benita Taylor en dr Stef Esterhuizen van die COMBER VKO-groep georganiseer. Die werkswinkel is met vaardigheidsontwikkeling in gedagte gereël. Praktisyns van VKO-sentrums in Noordwes en Sedibeng-Oos het die werkswinkel van 13:00 tot 17:00 op Vrydag 21 April 2023 bygewoon. Die 35 praktisyns vorm deel van die Bafenyi-projek in Noordwes en die Thutopapadi-projek in Sedibeng-Oos, Gauteng.
Die praktiese en interaktiewe werkswinkel is deur me Grethe Uren, direkteur en eienaar van Kiddi Beat MSP Potchefstroom, aangebied, en het bestaan uit 'n teoretiese deel en 'n praktiese deel waar praktisyns in vyf groepe verdeel is om musiekinstrumente te skep. Die werkswinkel het ook besprekings en demonstrasies ingesluit oor hoe hierdie instrumente, wat van herwonne materiaal gemaak word, kan bydra om leer in die vroeë jare te bevorder. Praktisyns het die werkswinkel terdeë geniet, soos uit die aangehegte foto's gesien kan word.

Ons opregte waardering aan die Nasionale Navorsingstigting (NNS), wat die werkswinkel geborg het.

# Bou voort op 'n navorsingsvennootskap met die Universiteit van Kreta

Prof Charl Wolhuter en prof Ewelina K Niemczyk, lede van die Edu-HRight Navorsingseenheid, het die Universiteit van Kreta besoek met wie die navorsingseenheid (asook prof Johan Botha) reeds lankal 'n navorsingsvennootskap het. Die besoek het die deelname ingesluit aan die konferensie wat deur die Europese Unie befonds word om die vaardigheidswanbalans tussen opvoeding en indiensneming te hanteer. Prof Wolhuter het 'n hoofrede met die titel "Education Skills Mismatch: Perspectives from Comparative and International Education Paradigms" gelewer. Intussen het prof Niemczyk 'n referaat aangebied as medeskrywersaam met haar MEd-student, Mariska Basson, oor die optimalisering van die gehalte van hoër onderwys in 'n wêreld wat gedurig verander, met 'n fokus op die Suid-Afrikaanse konteks.
Die besoek het ook die totstandkoming van 'n volhoubare navorsingsagenda met prof Konstantino Karras en sy navorsingspan tot gevolg gehad.




Prof Charl Wolhuter & Prof Ewelina Niemczyk

# COMBER verwelkom internasionale samewerking oor vroeë kinderopvoeding

Prof Chris Pascal (buitengewone professor in COMBER) en prof Tony Pascal (Birmingham, VK) het die Potchefstroomkampus van 21 tot 25 Mei besoek. Die doel van die besoek was om navorsingsamewerking tussen die *Centre for Research in Early Childhood* (CREC), die Childhood Association, Braga, Portugal, en COMBER te bespreek. Prof Tony het op Dinsdag 23 Mei die lede van COMBER toegespreek oor die belangrikheid daarvan om pedagogie in die vroeë kindertyd vir 'n postpandemie-toekoms te transformeer. Hy het beklemtoon hoe belangrik dit is om die individuele potensiaal van elke jong kind te ontwikkel sodat hy/sy die beste kan wees wat moontlik is. Prof Chris Pascal het verduidelik waarom sy meen dat florerende kinders saak maak, en sy het haar verduideliking op die bewyse van eudaimoniese welstand gegrond. Sy het beklemtoon dat sosiale interaksie belangrik is sodat kinders toegelaat kan word om te floreer.

COMBER-lede het die besoekende professors na verskeie projekterreine in Promosa, Potchefstroom en Tembisa vergesel om die daaglikse lewe van die jong Suid-Afrikaanse kind in opvoedingsentrums vir kinders in hulle vroeë kinderjare te ervaar.

COMBER-lede sien uit na verdere besprekings by die APEI se 30ste Europese Vroeë Kinderopvoedingskonferensie (EECERA) in Portugal vanaf 30 Augustus tot 2 September.







## Werkswinkel oor deelnemende visuele metodes






Prof Lesley Wood, bygestaan deur dr Andri Schoonen, het op Vrydag 19 Mei 'n werkswinkel oor deelnemende visuele metodes aangebied. Die doel van die werkswinkel was om studente te betrek wat binnekort met hulle praktiese werk gaan begin, maar dit het ook deelnemers gelok van Maatskaplike Werk en Stadsbeplanning wat betrokke is by die DWT se Wetenskapgroepprojek (Science Shop project) wat deur prof Lesley gelei word. Evaluerings het aangedui dat die werkswinkel vir al die deelnemers prettig, nuttig en insiggewend was omdat hulle op 'n praktiese wyse die teorie geleer en in die praktyk toegepas het deurdat hulle die kennis wat hulle opgedoen het, gebruik het om data met PhotoVoice te skep en ontleding en probleemidentifisering te doen, asook om collages vir dieselfde doel te gebruik. Daarbenewens het hulle 'n gevonde gedig geskep en aan objekmetafoor-oefeninge deelgeneem.

# Edu-HRight Virtuele Diskoers: 2023

## Die Reg op Onderwys in die Landelike Suid-Afrika: Skoolsluitings – ’n Bestepraktyk- en Navorsingsgedrewe Benadering

Die navorsingseenheid vir Onderwys en Menseregte in Diversiteit (Edu-HRight) het ’n diskoers aangebied wat op 16 Maart 2023 in samewerking met die navorsingsubarea vir Regsperspektiewe, Bestuur en Demokrasie en die Onderwysreg-vakgroep gehou is. Die diskoers het gefokus op die veelvuldigheid van faktore wat oorweeg moet word om ’n landelike onderwysbeleid te hervorm om gelyke en gehalte-onderwys in landelike gebiede te verseker. Dit is deur dr Nicholus Mollo, die subarealeier, gefasiliteer. ’n Hoofrede, wat daarop gefokus het om die maksimum onderwys uit mikroskole te haal en wat aan die veelvlakkige uitdaging van die geval van landelike skole voldoen, is deur mnr Christopher Cordeiro van LearnFree aangebied. Prof Jan de Groof (buitengewone professor by Edu-HRight en professor by die College of Europe) het kommentaar gelewer.

Lede van ’n paneel, insluitende S.Ed M Sukers (LP) – lid van die Portefeuljekomitee oor Basiese Onderwys, mnr Ghalid Jacobs – bestuurder van Institusionele Bestuur en Regering, Wes-Kaapse Onderwysdepartement, en mnr Dumanisi Mabunda – sekretaris-generaal van die Kongres van Suid-Afrikaanse Skoolbestuursliggame, het baie belangrike opmerkings tydens die bespreking gemaak. Deelnemers vanuit die gehoor was die uitvoerende direkteur Tshegofatso Phala en senior prokureur Anjuli Maistry van die Gelyke Onderwysreg-sentrum. Hooggeplaaste persone in die gehoor was S.Ed dr Wynand Boshoff (LP) – Lid van die Portefeuljekomitee oor Hoër Onderwys, Wetenskap en Innovasie, mnr Daniël Eloff – direkteur van Hurter & Spies Prokureurs, NWU-bestuurslede, NWU-akademici en akademici van ander universiteite. Dankie aan almal wat die diskoers bygewoon het.

# Bevorder nagraadse studente se vennootskappe in BRICS-nasies

Prof Ewelina K Niemczyk, lid van Edu-HRight, het op 25 April saam met haar doktorale student, mnr Carlo Daniels, ’n gaslesing oor opvoedkundige ontwikkelings in BRICS-lande aan nagraadse studente by die East China Normal Universiteit gegee. Dit uitnodiging om ’n lesing te gee, het by prof Nicholas Peng onstaan. Hy wou sy module oor die ondersoek van opvoedkundige hervormings vanuit ’n vergelykende perspektief daarmee komplementeer, asook die bestaande vakkundige vennootskap uitbrei.




Prof Niemczyk het deelgeneem aan die interaktiewe uitruiling van inligting met studente en hulle op die ontstaan, ontwikkelings en kompleksiteite van die BRICS-organisasie attent maak. Intussen het mnr Daniels op die BRICS-onderwyssektor en die vergelyking tussen China en Suid-Afrika as lidstate gefokus. Die drie uur lange gaslesing het uitgeloop op prof Peng se oproep om bykomende kennisuitruilings-geleenthede vir nagraadse studente by ons onderskeie universiteite te skep.


SU MO TU WE TH FR SA
1 2 3
4 5 6 7 8 9 10
11 12 13 14 15 16 17
18 19 20 21 22 23 24
25 26 27 28 29 30
June 2023
Happy
Birthday
to everyone celebrating
their birthday this month